

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

Hier is somer 'n hele klomp inligting oor die volgende paar saamtrekke en algemene inligting. Indien u die saamtrekke gaan bywoon laat weet asseblief so gou moontlik jou kamp kommandant sodat ons die getalle het.

### **VOLGENDE SAAMTREK : VAN STADENS 17 – 21 MAART 2017**

Die koste beloop **R140,00** per nag per staanplek VIR 2 PERSONE EN DAN R50 EKSTRA VIR KINDERS OUER AS 10 JAAR plus die **R10,00** plaatjegeld. Kinders onder 10 jaar en gestremde afhanklikes is dus gratis. U moet ook by die hek die **registrasie vorm** voltooi en 'n **R100** betaal indien u **sleutel** wil hê. Onthou Van Stadens is **geen honde**. *Dagbesoekers moet by die hek betaal R40 per persoon en gratis vir kinders onder 10 jaar.* Indien u voor die tyd wil gaan, betaal u normale tariewe en dit moet by die hek inbetaal word. Vrydagaand is dit **inbetaling en Boekevat**. Saterdag sal daar **kerrie vetkoek** verkoop word teen **R10** elk. Saterdag is dit **Boekevat** en Sondag sal daar 'n **kinderdiens** wees en geen Sondagskool nie, want dit is lang naweek vir die kinders. Maandag sal daar net **Boekevat** gehou, want dit is 'n skoolvakansiedag. Dinsdag is dit Menseregtedag en dan kan almal maar rustig verkeer. **Onthou asseblief elke lid (kinders ook) moet die Boekevat en Erediens bywoon, want u het so belowe toe u aangesluit het.** Jakkie en haar span is kampeiers. **Laat weet asseblief julle kampeier so gou as moontlik indien julle die saamtrek gaan bywoon.** Ons moet Maandag, 13 Maart, getalle deurstuur.

### **PAASNAWEEK : RIVER REED (KIRKWOOD) 14 – 17 APRIL 2017**

Diegene wat wil, kan die Paasnaweek by River Reed by Kirkwood gaan kamp. Dit is die laaste naweek in die skoolvakansie. Dis 'n heerlike lower groen kampterrein. Daar is nie so baie staanplekke genommer nie, maar ons is mos gewoon om saam te staan. Dit kos **R60 per persoon** en **nie-skoolgaande kinders betaal nie**. Richard en sy span is daar kampeiers. **Gee dus jou naam vir Richard indien jy wil gaan so gou as moontlik** aangesien ons vooraf moet weet hoeveel gaan die saamtrek bywoon sodat ons kan seker maak daar is plek vir almal. Dit sal 'n rustige naweek wees. Bring gerus 'n visstokkie saam en kom geniet die natuur.

### **GEBIEDSKAMP : KEURBOOMSRIVIER : 27 APRIL TOT 1 MEI 2017**

Dit kos **R70 per persoon** en **R35 per kind onder 12 jaar**. Ons gaan weer **jaffels** verkoop vir die gebieds fonds. Bring dus 'n **gasstofie en jaffelpan** saam as u een het, of kom help brood smeer ens. Meer besonderhede volg later.

## **KONGRES 2017 : 13 – 15 OKTOBER 2017**

Dit vind hierdie jaar weer plaas by **Ou Skip** woonwapark by **Melkbosstrand**. Daar word ook 'n toer vanaf hoofkantoor gereël indien u dalk langs die pad wil aansluit by hulle. Hulle vertrek 22 September en sal 25 Oktober weer tuis wees. Die volgende woonwaparke word besoek:

Kroonpark (Kroonstad) -Toergroep kom bymekaar.  
River of Joy (Bloemfontein) - Woon streek Oranje se 30 ste verjaardag by.  
Gariepdam  
Berg Kwagga Nasionale Park (Cradock)  
Addo Olifant Nasionale Park  
Willows woonwapark P. E. : Oos - Kaap Sawanante sluit aan.  
Tsitsikama Nasionale park  
Victoriabaai woonwapark  
Punt woonwapark (Mosselbaai) - Nog Sawanante sluit aan.  
Struisbaai woonwapark  
Kleinmond woonwapark  
Kongres – Ou Skip woonwapark  
Terug . Goudini Spa  
Karoo Nasionale park  
Kambro woonwapark  
Kimberley woonwapark  
Potchdam Woonwapark

(Sawanante wat hierdie toer wil meemaak moet my so spoedig moontlik laat weet aangesien slegs 20 plekke bespreek word. Nico Spaumer)

## **BAIE BELANGRIK**

Asseblief gee gehoor aan die stilte tyd by 'n saamtrek vanaf **10:00 elke aand**. En dan moet ons ook vra dat musiek so gespeel sal word dat **jou bure dit nie hoor nie**. Nie almal hou van Bach se gelag of die nuutste top 20 se “gedoef doef” musiek nie. As die oord se reël is, geen honde, hou ons daarby. Ons as bestuur vra u vriendelik om die drie versoeke te gehoorsaam. Dit maak dit vir almal makliker as elkeen hierby hou.

## **KALENDERS VIR 2017**

Indien daar nog enkeles is wat belangstel in 'n SAWA Oos-Kaap kalender, moet u dadelik vir Elzaan kontak sodat sy dit kan laat druk.

## **BAIE BELANGRIK VIR HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE BESPREEKINGS**

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig sodat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy gaan kamp, en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord se kostes moet dra - slegs as ons minder is as wat bespreek is en die oord dit so vereis. Indien u laat besluit om wel te kom kamp, **maar u het nie bespreek nie**, is u nog steeds **welkom**, maar reël net met ons asseblief. Indien daar gaste saam met u kamp, moet hulle ook betaal. Indien u onseker is, vra asseblief die kampeier.

## NOODHULP TYDENS SAAMTREKKE:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asseblief Vrydagaand by die Boekevat of u opgelei is of kontak voor die tyd u bestuurslid. Dan kan dit sommer op die kampprogram gesit word. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir die gebruik by saamtrekke. Dit is by die kampleier van die naweek beskikbaar.

## WAPAD EN WEBWERF

Stuur asseblief u nuus/foto's aan Elzaan le Roux by [leroux.elzaan@gmail.com](mailto:leroux.elzaan@gmail.com) Kyk gerus ook op Facebook vir nuwe inligting. Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit asseblief met ons sal deel. Ons wil graag deel in u lief en u leed. Die Wapad word per e-pos aan elke lid versprei. Indien u egter 'n gedrukte weergawe wil hê, moet u dadelik vir my laat weet of vir Elzaan. Ek sal ook graag wil weet sodat ek kan seker maak u kry wel 'n gedrukte weergawe. Indien u bedryfsfonds nie betaal is nie – geen gedrukte weergawe nie!! Laat weet vir my ook indien daar siekte of selfs dood in u familie is sodat ons kan deel in u leed. Ons is op **SAWA@Jakkie**. Indien u u **besigheid of ander advertensies** in die Wapad wil plaas, is dit **R200** per jaar. Dit word dan 4 keer in die Wapad ge-adverteer. Kontak Elzaan vir verdere inligting.

## LEDEGELD

U moet groot asseblief u ledegeld betyds inbetaal by Hoofkantoor se bankrekening. Kyk voor in u Kampprogram vir die jaar is die besonderhede. Kyk asseblief ook op die ledelys in watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. **Debietorders word aangemoedig**. Ledegeld vir gewone lede is R340,00 kontant; Senior Burgers se ledegeld is R330,00. Indien u per debietorder betaal, is dit R10 minder. **Onthou net as u nie verder lid wil wees nie om u debietorder te kanselleer asseblief.**

## NUWE LEDE

Die eenmalige aansluitingsfooi is R120,00. Nuwe lede se aansluitingsgeld en eerste jaar se ledegeld moet kontant by die streek se penningmeester inbetaal word.

## BEDRYFSFONDS

Hierdie is 'n baie belangrike fonds vir Streek Oos-Kaap. Sonder die geld kan ons nie voortgaan nie. Die nuwe jaar se bedryfsfonds is **R150,00 vir die jaar**. Vir Senior Burgers is dit **R120,00** vir die jaar. U kan nou u geld alreeds inbetaal vir 2017. U kry die geleentheid tot 31 Mei 2017. Indien u tans agterstallig is, sal ons dit baie waardeer indien u dit vir ons so spoedig moontlik kan oorbetaal. **BAIE DANKIE AAN DIEGENE WAT DIE AGTERSTALLIGE GELDE INBETAAL HET. ONS WAARDEER DIT OPREG.**

## SAWA KENTEKENS

Indien u u woonwa verkoop of nie langer meer lid wil wees nie, is dit baie belangrik dat u die **SAWA kenteken afhaal asook die snor**. U kan onder geen omstandighede u woonwa met die kenteken op aan ander mense verkoop nie. Nuwe kentekens is by Richard Heyman beskikbaar indien u dalk 'n nuwe woonwa koop.

## **SONDAGSKOOL**

Daar sal elke Sondag in die kwartaal vir die kinders Sondagskool gehou word. Hulle word aangemoedig om hulle werkboeke saam te bring sodat hulle nie agter raak by hulle eie gemeentes nie. Die kinders sal in groepe opgedeel word. Hou asseblief maar net die kampprogram dop van die naweek.

## **LEDE BESONDERHEDE**

Dit is baie belangrik dat, indien u besonderhede nie korrek is nie, of u verander dalk van **e-pos** of u **telefoonnommer** verander, u vir my en Liana Labuschagne daarvan in kennis stel. Ons stuur inligting uit en is nie altyd daarvan bewus dat u dit nie ontvang het nie. Elkeen het al 'n ledelys ontvang. Indien u nie een het nie, was u e-pos adres verkeerd.

## **SAAMTREK BESONDERHEDE**

Ons gaan weer, soos in die verlede, die groot bord voltooi wanneer u 'n saamtrek bywoon. Dit vergemaklik net die voorsitter se taak met die plaatjies en baie keer is ons nie bewus van lief en leed nie. Die kampeiers van elke saamtrek gaan dit hanteer. Skryf dus op as daar lief en leed is en as u gelde inbetaal moet dit aangeteken word daarop. Kwitansies kan ook vinniger uitgeskryf word.

**SAWA Groete**  
**Bestuur**